# Nuusbrief 192

**29 October 2014**

Geagte lede,

## 2014/15 OMVATTENDE LOONOOREENKOMS

Die nuutste ooreenkoms aangaande lone en ander diensvoorwaardes vir die Saagmeul Kamer (ingesluit alle houtverduursamingsaanlegte en paalaanlegte), is onderteken deur die onderskeie partye op die 8ste Augustus 2014. Opsommend sal die minimumloon verhoog tot R2 500 p.m. vir die periode 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2015. Die partye het ooreengekom op 'n verhoging van nie minder as 8.5% op die huidige werklike basiese loon effektief 1 Julie 2014, met 'n verdere verhoging van ten minste 0.5% gebaseer op die Junie 2014 tarief, op die huidige loon effektief 1 Januarie 2015 vir alle werkers in die "Bargaining Unit" wie se lone nog nie R2 500 p.m. bereik het nie. 'n Afskrif van die ooreenkoms is beskikbaar van SAWPA of kan ook afgelaai word by ons webtuiste www.sawpa.co.za deur te klik op "INFORMATION", dan "TOPICAL ISSUES" en dan onder die inligting te make met "Bargaining Council for the Wood and Paper Sector" is die *"Substantive Agreement on Wages and other Conditions of Employment for the Sawmilling Chamber"* gelys.

## REGISTRATEUR SE WERKSWINKEL RAKENDE RISIKO VAN KCA BEHANDELDE HOUT OP KINDERS WANNEER GEBRUIK WORD VIR SPEELRAME

In Nuusbrief Nr. 191 van Augustus 2014 is daar gerapporteer dat 'n datum vir die Registrateurswerkswinkel nog bepaal moet word. Die 9de Oktober is geskeduleer, maar is verder uitgestel tot die 20ste November 2014 aangesien die Registrateur nie voldoende voorberei was vir die werkswinkel nie. SAWPA het egter voortgegaan met voorbereidings en het 'n KCA-belangegroepvergadering gehou op die 29ste September wat verteenwoordigers ingesluit het van al drie KCA- vervaardigers, SAWPA-voorsitter, Dave Mullin, asook 'n omgewingsregskonsultant van ENSafrica. 'n Verdere KCA- belangegroep konsultasievergadering is ook met die Registrateur gehou op die 6de Oktober en Bruce Breedt en Willie Conradie van Timberlife was teenwoordig. Die doel van die vergadering was om die struktuur en prosedures vir die werkswinkel te bepaal, maar ook om vas te stel tot watter mate die Registrateur interaksie met die ander belangegroepe, bv. die klaer/s, die Openbare Beskermer, ens. gehad het t.o.v. die SAWPA indiening, i.e. die INFOTOX-verslag en die gedetailleerde respons op die klagtes wat deur ENSafrica geopper was. 'n Verdere vergadering van die KCA-verteenwoordigers sal binnekort, op 'n datum wat nog bepaal moet word, gehou word ter finale voorbereiding vir die werkswinkel van die 20ste November.

## SAWPA BORG HERSIENDE DVSA "GUIDE TO THATCHING IN SOUTH AFRICA"

Die Dekkersvereniging van Suid-Afrika gaan binnekort hulle nuwe "Guide to Thatching in South Africa" bekendstel, en SAWPA is bevoorreg om geassosieer te wees met die DVSA as borg van die nuwe gids t.o.v. die finale afwerkingskostes. Die borgskap besluit is geneem as wedersydse ondersteuning in ruil vir die

ondersteuning van die Dekkersbedryf en hulle gebruik van behandelde pale en latte as strukturele material in grasdakstrukture. Die borgskap behels dat SAWPA en sy lede erkenning kry as borg in die gids, die plasing van die SAWPA kenteken, asook 'n volbladadvertensie in die gids.

## "FOREST SECTOR CHARTER" KODE BELYNING MET DIE NUWE GENERIESE BBSEB KODES

Die eerste fase van die proses om die "Forest Sector Charter" kode in lyn te bring met die nuwe generiese kodes wat in Oktober 2013 gepubliseer is, is goed op dreef en ons kan rapporteer dat die onderhandelinge tussen die industrie, regering, arbeid en die gemeenskap in die bosbousektor suksesvol was. Ooreenstemming sonder wysigings op die huidige konsepdokument wat 'n paar weke gelede opgestel is, is bereik. Die enigste voorwaarde is dat 'n begeleidende dokument, soos in die geval van die eerste kode, opgestel moet word ter verduideliking van die aksies benodig om spesifiek gelyste uitdagings aan te spreek.

Die FSCC-raad se diensverskaffer (AQRATE) sal die sektor kode-dokument finaliseer vir goedkeuring by die volgende "Forest Sector Charter Council" vergadering geskeduleer vir die 13$^{de}$ November. Na gelang van die raad se goedkeuring sal die dokument by die Departement Handel en Nywerheid ingedien word vir goedkeuring deur die Minister en daaropvolgende publikasie in die staatskoerant vir openbare kommentaar. SAWPA sal die lede in kennis stel wanneer hierdie fase bereik word sodat lede wat wil kommentaar lewer op die dokument, dit formeel kan doen.

Die enigste kwessies wat nog aandag moet kry, is die moontlike impak van die 2de fase gepubliseer op die 12de Oktober. AQRATE sal opdrag kry om die moontlike implikasies te bepaal op die proses tot dusver, en ons (die raad) behou die reg voor vir heronderhandeling indien daar betekenisvolle implikasies is. APROS, die diensverskaffer, wat deur die bedryf aangestel is, sal saam met AQRATE hieraan aandag gee en ons adviseer sodat ons geskrewe terugvoer aan die departement kan gee indien nodig. APROS sal ook nou met AQRATE saamwerk aan die inkorporering van die 2de fase gepubliseerde "QSE scorecard" in die konsep "Forest Sector Charter Code".

## VERGADERING MET DIE NHBRC IN WES-KAAP RE GEBRUIK VAN INGEVOERDE ONDEURDRINGBARE NAALDHOUTSOORTE

'n Vergadering is op die 27ste Oktober gehou met die NHBRC in die Wes-Kaap om die stygende probleem oor die gebruik van ondeurdringbare naaldhoutsoorte, soos Spruce, in permanente geboue te bespreek. Alhoewel SAWPA die gebruik van hout in konstruksie ondersteun en bevorder, is die bekommernis gegrond op die feit dat Spruce 'n onbehandelbare naaldhoutsoort is, maar steeds 'n gekose voedselbron van houtvernietigende insekte wat vereis dat alle Gymnospermae spesies (naaldhout), ingesluit SA den, behandel moet wees wanneer dit in 'n permanente struktuur in die geproklameerde munisipale kusgebiede gebruik word. Die NHBRC in die Wes-Kaap het hulle onderneming gegee om meer aandag aan onwettige praktyk te gee en hulle inspekteurs meer bewus te maak van die relevante detail wat deur SAWPA verskaf sal word. Ons aanbod om NHBRC inligtingsessies by te woon en aanbiedinge rondom houtverduursaming te doen, is met waardering ontvang en aanvaar.

Soortgelyke gesprekke word beplan met die NRCS se Nasionale Bouregulasie-amptenare wat verantwoordelik is vir advies en bystand aan die nasionale boubeheerbeamptes in die interpretasie en korrekte toepassing van die Nasionale Bouregulasies.

# Rede vir houtbehandeling:

**In Namibië is die termiethope so hoog soos….**

**…..'n olifant se oë!**

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Augustus en September was onderskeidelik 68 193 & 70 673.

- Lede moet onthou om die gratis veiligheidsetikette vir die aanwending op behandelde hout by Sue te bestel. Daar word aanbeveel dat ten minste 10% van alle behandelde hout geëtiketteer moet word voor besending.

- True art of tree hugging - https://www.youtube.com/watch?v=LrwuTbuwX8A – Die YouTube video vervaardig deur die "Australian Forest Products Association" deel die voordele van volhoubare bosbou en behoort so ver en wyd as moontlik gedeel word. Dit daag ook publieke wanpersepsies uit oor plant- en oespraktyke van die bosbou- bedryf en dien om die algemene publiek se misplaaste idees reg te stel en is ook net so van toepassing op Suid-Afrika.

- 'n Weergawe van een van die nuutste SAWPA-advertensies wat in 'n paar publikasies verskyn het, word aangeheg vir u kennisname. Dit benadruk voginhoud as die hoofoorsaak van verrotting van hout wat buite gebruik word indien dit nie behandel is nie, dit gee inligting oor die H klasse en sertifiseringsmerke, en verwys ook na hout as die enigste ware volhoubare en hernubare natuurlike bron.

**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

**SAWPA, Posbus 686, Isando 1600**
**Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.org.za epos: sawpa@global.co.za**